## PROFESSOR F. J. DU TOIT SPIES

Vir die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is dit in sekere sin 'n somber oomblik om van prof. Spies afskeid te neem. As stigterslid en grondlegger van die Genootskap, het hy in verskillende hoedanighede sedert die begin van 1956 op die bestuur van die Genootskap gedien en van die heel eerste uitgawe van *Historia*, die amptelike orgaan van die Genootskap, in Junie 1956, op die redaksie daarvan gedien. Met toewyding het hy die Genootskap en sy tydskrif gedien en sedert Julie 1970 ook as hoofredakteur van *Historia* opgetree.

Francois Jacobus Spies is op 13 Februarie 1912 te Edenburg in die Oranje-Vrystaat gebore. Aan die hoërskool te Edenburg het hy in 1929 die matrikulasie-eksamen afgelê waarna hy die Grey-Universiteitskollege, tans die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, besoek het waar hy in 1932 die B.A.-graad met lof in Geskiedenis verwerf het.

In 1933 behaal hy die Hoër Onderwysdiploma waarna hy aan verskeie middelbare skole in die Oranje-Vrystaat onderwys gee. Sy belangstelling vir die Geskiedenis het hy egter behou en deeltyds verder studeer tot hy in 1938 die M.A.-graad aan die Grey-Universiteitskollege verwerf met 'n verhandeling wat gehandel het oor *Spoorwegontwikkeling in die Oranje-Vrystaat.*

In Februarie 1938 het hy vir verdere studie in Moderne Geskiedenis na Leiden vertrek waar dit met sy studie baie voorspoedig gegaan het. Reeds in 1939 het hy sy doktorale eksamen afgelê om twee jaar later die D.Litt. et. Phil.-graad onder promotorskap van die beroemde prof. J. Huizinga te behaal met 'n proefskrif getiteld *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat.*

Teen hierdie tyd was die Tweede Wêreldoorlog reeds geruime tyd aan die gang en Nederland sedert 10 Mei 1940, Duits besette gebied. Omdat Suid-Afrika saam met Brittanje in die oorlog teen Duitsland betrek is, is dr. Spies soos 'n aantal van sy landgenote as vyandsonderdane beskou en was hy noodgedwonge verplig om vir die duur van die oorlog in Nederland te bly. Sy intieme aanraking met die oorlogsleed en ellende, was nie sonder uitwerking op sy fynbesnaarde gemoed nie maar danksy 'n kragtige persoonlikheid, het hy nie in wanhoop verval nie. Sy belangstelling vir die Geskiedenis het hom aktief aan die gang gehou sodat hierdie jare, ondanks al die beproewinge en swaarkry, werklik produktiewe jare was.

Gedurende hierdie periode was hy werksaam aan argiefordening in die argief van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij en doen hy verdere navorsing in die nagelate argief van dr. H. P. N. Muller, eertydse Konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat in Nederland. Die navorsing wat hy in die verband gedoen het, het gelei tot die baie belangrike biografie van dr. Muller wat in 1946 verskyn het onder die titel *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat.* Ten spyte van hierdie werksaamhede wat baie van sy tyd in beslag geneem het, het hy ook nog gewerk aan 'n populêre geskiedenis van Suid-Afrika wat in 1947 onder die titel *Van ons Land Suid-Afrika* verskyn het en



*Prof* **du** *Spies*

ongelukkig glad te onbekend in Suid-Afrika is.

Aan die begin van 1946 het hy na Suid-Afrika teruggekeer waarna hy vir 'n aantal maande op die redaksie van *Die Vaderland* in Johannesburg werksaam was voordat hy in Augustus 1946 'n lektoraat in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aanvaar het. In 1947 is hy tot senior lektor bevorder, in 1962 tot mede-professor en vanaf 1 Julie 1970 was hy professor in en hoof van die departement Geskiedenis aan dieselfde universiteit.

Sy akademiese loopbaan word gekenmerk deur 'n wye en veelsydige belangstelling. Hy het gedien orals waar die geleentheid tot diens hom voorgedoen het. So word hy in die loop van jare o.a. lid van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns,* bestuurslid van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika,* lid van die *Maatschappij der Nederlandse Letterkunde* te Leiden, sekretaris van die *Genootskap Nederland-Suid-Afrika,* bestuurslid van die *Genootskap Oud-Pretoria,* lid van die *Stigting Simon van der Stel,* redakteur van *Historia,* redakteur van *Pretoriana* en redaksielid van *Hertzog-Annale.* Aan die restourasie van slagvelde in die wyer verband van *Slagvelde van Suid-Afrika,* het hy 'n werksame aandeel gehad.

Prof. Spies sal egter onthou word as die dosent by uitnemendheid. Hy is 'n groot kenner van sy vak en beskik oor die gawe om sy kennis boeiend en interessant aan sy studente oor te dra. Hy het geïnspireer en besiel en in wye kringe belangstelling opgewek vir die vakgebied wat so na aan sy hart is. Daarby het sy natuurlike beskeidenheid van hom 'n minsame persoonlikheid gemaak wat sy studente aangetrokke tot hom laat voel het. Sy genaakbaarheid het meegebring dat sy studente hulle probleme met vrymoedigheid met hom kon bespreek het en hy ook in die opsig vrugbare arbeid kon verrig.

Maar dit is veral betekenisvol dat hy nie net 'n naleser en naprater was nie. Hy was ook kreatief-skeppend soos getuig word deur die groot aantal werke wat van sy hand verskyn het en waarvan die belangrikste in volgorde van verskyning hier gelys word.

1941 *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat* (Proefskrif)

1946 *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat.* Uit die nagelate papiere van dr. H. P. N. Muller, oud-konsulgeneraal van die Oranje-Vrystaat in Nederland.

1947 *Van ons Land Suid-Afrika.* (Populêre geskiedenis van S.A.)

1949 Medewerker aan *Gedenkboek van die Tweede Vryheidsoorlog.*

1952 *Die Dagboek van H. A. L. Hamelberg.* (Van Riebeeck-vereniging Nr. 33).

1953 *Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg.*

1955 *Reisbriewe van dr. H. P. N. Muller.*

1955 Medewerker aan *Pretoria 1855-1955* ('n Geskiedenis van die stad).

1960 Medeskrywer van *Ad Destinatum* — Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria.

1961 Medewerker aan *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika.*

1963 Medewerker aan *Die Westerse kultuur in Suid-Afrika.*

1967 Medewerker aan *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie.*
1968 Medewerker aan *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* Deel I.
1970 *N.G. Gemeente Pretoria-Oos 1920-1970. Gedenkboek.*

TYDSKRIFARTIKELS (O.A.)

Geskrifte van die Groot Trek *(Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring,* 1949).

Hoe die Oranje-Vrystaat sy naam gekry het *((Hertzog-Annale,* 1954).

Engelse gesindhede in die Oranje-Vrystaat *(Hertzog-Annale,* 1954).

Kruger of Krüger, hoe moet die President se naam geskryf word? *(Historia,* 1ste jrg. nr. 2).

G. A. Odé, sy bydrae tot ons kennis van die Groot Trek *(Historia,* 4de jrg. nrs. 1 en 2).

Ongepubliseerde Voortrekkerherinneringe afgeskryf deur G. A. Odé *(Historia,* 4de jrg. nrs. 3 en 4, 5de jrg. nr. 1).

Arnold Theiler en die Zuid-Afrikaansche Republiek (Artikelreeks in *Pretoriana).*

Die uitwerking van enkele Europese geestesstroming op ons geskiedskrywing. *(Historia,* jrg. 5 nr. 4).

Bloedrivier — 'n Ondersoek na die werklike feite (*Standpunte* nr. 49).

Generaal Hertzog se toespraak insake die Vrystaatse Onderwyswette, Volksraad 24 tn 25 November 1910 *(Hertzog-Annale,* 1967).

En nou gaan prof. en mev. Spies Suid-Afrika verlaat om hulle voorlopig in Brussels te vestig waar hy die belangrike amp van Kulturele Attaché aan die Suid-Afrikaanse Ambassade aanvaar het. Sy vriende wat hom ken, weet dat dit 'n gelukkige benoeming was en dat die saak van Suid-Afrika se kulturele belange, aan goeie hande toevertrou is. Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika neem van hom afskeid in die wete dat sy verlies 'n groot wins vir Suid-Afrika is. Aan prof. en mev. Spies word 'n aangename verblyf in die vreemde en groot sukses met hulle groot taak toegewens.

Prof. A. N. Pelzer.